Maak so jou eie touhalter

Teks en sketse *deur* Theresa Odendaal

So lyk 'n touhalter wanneer dit voltooi is. Dit is sterk, goedkoop en prakties.

Almal van ons het sekerlik al iemand gesien met 'n spoggerige touhalter op sy perd wat hy self geknoop het en gewens dat iemand ons tog ook wil wys hoe om dit te doen. Nouja, hier is die iemand wat vir jou gaan wys presies hoe om dit te doen. Dit is heelwat makliker as wat 'n mens sou dink en nog pret boonop. Verder kan mens jou halter in enige kleur maak wat jou hart begeer!



Diagram1

Begin met 'n stuk tou van ongeveer 7 m lank. Die beste tipe tou om te gebruik, is een wat van katoen gemaak is, maar een wat uit 'n kombinasie van katoen en nylon gemaak is, kan ook gebruik word. Suiwer nylontou word nie aanbeveel nie. Die deursnit van die tou is so ongeveer 8 tot 10 mm. Die tipe tou is beskikbaar by sommige hardeware winkels en winkels wat boot- en seiltoerusting verkoop.

Die tipe knoop wat deurgaans gebruik word, is 'n gewone oorhandse knoop, dws dieselfde een wat gebruik word om skoenveters mee te knoop. Sien *Diagram 1*.

Voorbereiding

Draai 'n stukkie isoleerband om die punte van die tou, sodat dit nie uitrafel nie (Onthou, anders as suiwer nylon, kan mens nie die punte van 'n katoentou smelt nie.)

Let wel:

- Alle afstande word van die middel van elke knoop na die middel van die volgende knoop gemeet.
- Die punt waar ons gaan begin knoop, is die punt waar die halter aan die perd se linkerwang vasgemaak word en gaan dan oor die kop na die regterkantste wang waar knoop 1 gemaak word.
- Moet nie die eerste paar knope te styf trek nie, aangesien ons hulle weer gaan losmaak om die tou daardeur te knoop.
- Gaan gereeld afstande na om te verseker dat dit akkuraat bly en nie skuif nie.

Nou is ons gereed om te begin knoop:

1. Maak knoop 1, 100 cm vanaf punt van die tou.
2. Maak knoop 2, 20 cm vanaf knoop 1.
3. Knoop 3 word met 'n dubbeltou gemaak,



Diagram 2

13 cm vanaf Knoop 2, en met 'n lus van 12 cm soos aangedui in *Diagram 2*. Dit is die lus waaraan die leiriem vasgebind gaan word.

4. Maak knoop 4 presies 22 cm vanaf knoop 3. Dit is die eerste knoop van die neusband *(Sien diagram 4).*
5. Maak Knoop 5, die tweede knoop van die neusband, 25 cm vanaf knoop 4 *(Sien diagram 4).*
6. Vanaf knoop 5, meet 22 cm verder met die tou af en bring daardie nuwe punt (ons noem hom #) om na knoop 3 *(Sien diagram 4).*

Diagram 3



Diagram 4

Van hier af moet nou kop gehou word:

7. Hou die stuk tou, gemerk as *** in diagram 4, saam met knoop 3, by # vas. Maak knoop 3 los, maar hou steeds die oorspronklike stukke tou, asook *** saam vas.

8. Daar hang nou 'n lang lus. Vanaf #, vorm 'n tweede lus en hou al 4 stukke tou saam vas. *Sien Diagram 3*.

9. Herknoop knoop 3 nou en gebruik al 4 stukke tou – sien *Diagram 4*. Die lus (wat nou uit twee stukke tou bestaan) gaan nou wel korter wees, maar daar is oorspronklik genoeg tou daarvoor gelaat.

10. Gaan terug na knoop 2. Maak die knoop effens los. Druk die punt van die tou (wat van Knoop 3 af kom) deur die knoop en maak 'n dubbele oorhandse knoop (Sien *Diagramme 5*, *6* en *7*).

11. Maak knoop 6, 21cm vanaf knoop 2.

12. Maak 'n lus waaraan die halter vasgemaak gaan word en bring die tou vir 'n tweede dubbele oorhandse knoop deur knoop 6, net soos in stap 10 (Sien *Diagram 9*).

13. Vanaf knoop 6 meet 20 cm, neem die tou terug na knoop 5 (weer 'n dubbele knoop) om die wangstuk te vorm en van daar oor die bokant van die neusband na knoop 4 (weer 'n dubbele knoop). (Sien *Diagram 8).*

14. Ten slotte, neem die tou weer vanaf knoop





Diagram 5



Diagram 6

Diagram 7

So word die dubbele oorhandse knoop begin. Voer die punt van die tou deur die knoop

Nou word die tou (diagram 6) bo-oor die oorspronklike knoop gevou

Dan word die tou bo-oor homself gevoer en terug deur die oorspronklike knoop. Neem dan beide die uitkomende toue en trek die knope styf, tot dit soos die onderste prentjie lyk



Diagram 8

So lyk die halter wanneer dit voltooi is



Diagram 9

4 na knoop 1(20 cm) om die tweede (linker-kantste) wangstuk te vorm en siedaar, jy het 'n halter. (Sien *Diagram 8*). Neem die langste tou punt en sny SLEGS dit af, sodat die twee toue ewe lank is. Draai weer 'n stukkie isoleerband om die punt.

Neem nou die halter en gaan pas dit op jou perd. Maak die halter vas deur die lus wat jy daarvoor gemaak het. Kyk goed na *Diagram 10*, hieronder, sodat jy dit reg vasmaak, anders gaan jy dalk sonder 'n perd sit!

Maak so die lus om die halter mee vas te maak



Diagram 10



Diagram 11

Die leiriem:

1. Die tou wat vir die leiriem gebruik word is heelwat dikker as die tou wat vir die res van die halter gebruik word. (1,5-2 cm in deursnee.)
2. Om die leiriem deur die halterlus (dubbele lus onder die kakebeen) te knoop, sien diagram 11. Trek nou albei punte gelyk om die knoop styf te maak. SAH